higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

(11020312)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

348Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die Nasionale Landvervoerwet van 2009 sit die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende regeringsfere met betrekking tot openbare vervoer uiteen.

1.1.2 Lugvervoer verwys na die beweging van goedere en passasiers per boot op see of deur middel van waterweë.

1.1.3 'n Kernaspek van die geïntegreerde padveiligheidsbestuursprogram is om voetgangerveiligheid te verskerp.

1.1.4 Die Spoorwegveiligheidsreguleerder is 'n aangewese owerheid wat alle spoorveiligheidsvoorvalle hanteer en in sekuriteitsverwante voorvalle steun aan die polisiediens bied.

1.1.5 Kabelspore verwys na die vervoermodus wat gebruik word vir die langafstandvervoer van vloeistowwe soos ruolie, petroleum, vloeibare chemikalieë en gas.

(5 × 1) (5)

1.2 Definieer die volgende terme:

1.2.1 Vervoerbedryf

1.2.2 Vlootbestuur

1.2.3 Uitkontraktering

1.2.4 Gevaarhoudende goedere

1.2.5 Vervoerdienste

(5 × 2) (10)

1.3 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

dienslewering; SANRAL; vakbond; vervoersektor; sake-etiek; maritieme; PBT

1.3.1 Die beginsel wat beklemtoon wat reg of verkeerd is in enige werksplek; morele beginsels en gedragskode vir alle menslike handelinge.

1.3.2 Die bedryf wat verskillende vervoermodusse omvat.

1.3.3 Die basiese funksie daarvan is om die werkers van die vervoerbedryf te verteenwoordig.

1.3.4 Dit dien as 'n voorbeeld van 'n primêre vervoermodus.

1.3.5 Dit verseker dat daar in jou kliënte se behoeftes voorsien word.

(5 × 1) (5)

1.4 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Dit maak voorsiening vir padaangeleenthede wat in die hele Republiek van Suid-Afrika geld.	A	bus
1.4.2	'n Handeling waarvolgens personeel en goedere van punt A na B beweeg word	B	VOOO ('TETA')
1.4.3	Beweging van goedere en passasiers per boot, stoomskip en skip	C	NPVW ('NRTA')
1.4.4	'n Voertuig wat vir die vervoer van meer as 16 persone, insluitend die bestuurder, ontwerp of aangepas is	D	Padongelukkefonds
1.4.5	Versekering wat alle gebruikers van Suid-Afrikaanse paaie dek	E	vervoer
		F	wetgewing
		G	watervervoer

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beskryf DRIE doelwitte van die AARTO-wet. (3 × 2) (6)

2.2 Verduidelik VIER prosedures vir die hantering van stortings, brande en ander noodgevalle in die vervoerbedryf. (4 × 2) (8)

2.3 Lys VIER stukke vervoerwetgewing wat vervoerbedrywighede beïnvloed. (4 × 1) (4)

2.4 Onderskei tussen *vervoer as 'n onderneming* en *vervoer as 'n sektor*. (5)

2.5 Teken 'n diagram om die tipiese komponente/afdelings aan te dui wat tot die sukses van 'n vervoeronderneming bydra. (10)

[33]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande grafika en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://www.linkedin.com/pulse/logistics-supply-chain-managements-top-four-modes-gabriel-otiboe]

3.1.1 Identifiseer DRIE belangrike vervoermodusse in die grafika. (3 × 1) (3)

3.1.2 Gee 'n voorbeeld van 'n vervoermiddel vir elke modus wat in VRAAG 3.1.1 geïdentifiseer word. (3 × 1) (3)

3.1.3 Watter vervoermiddel gebruik jy om kollege by te woon en waarom? (3)

3.1.4 Beskryf TWEE uitdagings wat jy kan teëkom deur gebruik te maak van die vervoermiddel wat in VRAAG 3.1.3 geïdentifiseer word. (2)

Kopiereg voorbehou

3.2 Bespreek wat *bestuurderbeheer* in vervoerbedrywighede behels. (4)

3.3 Beskryf VIER voordele van voorkomende voertuiginstandhouding. (4 × 2) (8)
[23]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *roetine-* en *nieroetine-voertuiginstandhouding.* (7)

4.2 Bespreek *bemarking* as een van die aktiwiteite in vervoerondernemings. (3)

4.3 Verduidelik DRIE voorkomende sekuriteitsmaatreëls wanneer petroleumprodukte opgelaai word. (Enige 3 × 2) (6)

4.4 Gee DRIE risiko's waaraan werkers blootgestel kan word wanneer hulle materiaal op- of aflaai. (3)
[19]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou